# QPro Stoetramkorrels

V28704 (Wet 36 van 1947)

## Produkbeskrywing

QPro Stoetramkorrels is geformuleer met die doel om skou- en teelramme se genetiese potensiaal te ontgin deur voedingstowwe van goeie gehalte op die regte tyd teen die korrekte hoeveelheid te voorsien. Dit bevat die nodige natuurlike deurvloeiproteïen wat spier- en struktuurgroei bevorder asook bouvorm ontwikkel. Terselfdertyd bevat die produk genoegsame energie wat benodig word om die ramme se kondisie te bou. QPro se Stoetramkorrels bevat genoegsame ammoniumchloried om nierstene te voorkom.

## Voeraanbeveling

Dit word aanbeveel dat ramme eers goed aangepas word op die korrels. Begin met 200 g/ram/dag en verhoog inname oor 'n tydperk van 7-10 dae om by 'n maksimum inname van 1800 g/ram/dag uit te kom of 1,5% van liggaamsmassa. Ruvoer moet altyd beskikbaar wees.

## Spesifikasies

| Nutriënt | Eenheid | Insluiting |
|---|---|---|
| Proteïen (min) | g/kg | 130 |
| NPN-% (maks) | % | 40% |
| Ureum (maks) | g/kg | 10 |
| Vog (maks) | g/kg | 120 |
| Ruvet (min/maks) | g/kg | 25/50 |
| Ruvesel (min/maks) | g/kg | 110/150 |
| Ca (min/maks) | g/kg | 9,5/11 |
| P (min) | g/kg | 4,5 |

*Alhoewel nie in die tabel aangedui nie, bevat hierdie produk 'n volledige reeks makro- en spoorminerale in die mineraalpak, geformuleer volgens voedingsbehoefte van die dier.*

Vir die **LIEFDE** vir jou



### Verpakking

Beskikbaar in 50 kg-sakke of losmaat.

### Waarskuwing

Hierdie produk bevat NPN-bronne en/of geregistreerde medikamente. Voer dus streng volgens voorskrifte.




# DIERE